**Om God se troon tot met die wederkoms**

**Op 7:9-17**

**28 November 2021**

1. Tema van nuwe reeks: Wanneer ‘n gelowige sterf
    a. Van ‘n gelowige se sterfdag tot met die wederkoms
    b. Die wederkoms
    c. Ewigheid na die wederkoms
2. Hoekom sterf gelowiges?
    a. God het mens na Sy beeld (Gen 1:27) geskep, aarde moet gevul wees met sulke mense – dan sal God se heerlikheid die aarde vul (Ps72:19)
    b. A.g.v. die sondeval, sterf Adam en Eva direk geestelik, later fisies
    c. Geen mens is ‘n getroue beeld van God nie – van nature geestelik dood, en sal fisies sterf (Rom 3:10-11)
    d. Deur geloof in Jesus as Verlosser, staan gelowiges reeds in hierdie lewe geestelik op (Rom 3:21-24), maar sterf steeds fisies weens die uitmergeling van ‘n sondegevalle wêreld.
3. Paulus se opgewonde verwagting van wat die dood bring
    a. 1 Kor 15:16-19
        i. Deur Jesus se opstanding staan gelowiges geestelik op – reeds in hierdie lewe
        ii. Maar as gelowiges net glo vir die effek in hierdie lewe, is hulle die bejammerenswaardigste! Daar moet dus baie meer wees ná hierdie lewe.
    b. Fil 1:20-24
        i. Paulus se tweestryd: diensbaarheid in hierdie lewe, of die wins wat die dood bring? Hy oordeel die dood is verreweg die beste – daar moet dus iets heerliks wees ná die dood!
4. Wat gebeur die oomblik wat ‘n gelowige sterf? (Luk 23:39-46)
    a. As een misdadiger tot geloof kom, verseker Jesus hom: “Vandag sal jy saam met My in die paradys wees”, alhoewel hy fisies sterf.
    b. Jesus het Sy gees aan die Vader gegee toe Hy sterf
    c. Misdadiger se liggaam bly aan die kruis, maar sy gees is direk na die hemel toe, waar Jesus en die Vader is
5. Wat kan ons verwag wanneer ons in die hemel kom? (Op 7:9-17)
    a. Groot menigte = mense, uit die groot verdukking, uit alle volke, met wit klere – dus afgestorwe gelowiges
    b. Hulle is voor die troon en die Lam – dit is God se hemelse troon: Op die troon sit die Vader (Op 4:2-3), in die middel van die troon is die Lam (Op 5:5), voor die troon is die Heilige Gees (Op 4:5), om die troon is 24 ouderlinge ((Op 4:4), om die troon is 4 lewende wesens (Op 4:6-8), om die troon is miljoene engele (Op 5:11)
    c. Lofprysing in die hemel (Op 4:8b-11) – gelowiges neem deel aan die lofprysing met palmtakke (vgl Joh 12:12-13, Op 7:9-10) dag en nag (Op 7:15)
    d. Hulle swaarkry is verby (Op 7:16-17)
    e. Voorsmakie: https://youtu.be/UV8bv4QuDtM
    f. En tog is daar is iets wat ontbreek: – hulle wag op medegelowiges, God se oordeel en om almal saam nog iets beters te ontvang!